longtom radio
eindtyd bediening

# Hoe laat is dit op die profetiese horlosie?

www.ltradio.org

# Israel God se Barometer




**En leer van die vyeboom (Israel) hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit (wederkoms) naby is, voor die deur.**

**Mattheüs 24:32-33**

# Tekens van die Tye



**Toe sê Hy vir hulle: Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander. En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom.**

**Lukas 21:10-11**

## Eindtyd Ooloë

- Meeste toegeweide Christenne weet van, of het al gehoor van die Eségiël 38-39 oorlog wat moet plaasvind voor die Sewe jaar van Verdrukking wat nog kom.
- Daar is egter 'n tweede oorlog wat moet plaasvind nl. die Psalm 83 oorlog.

- Hoe raak dit ons?
- Kom ons begin by die Esegiel 38-39 oorlog eerste aangesien hy die bekendste is.

longtom radio
eindtyd bediening

# 1. Eindtyd Ooloë:
# Esegiël 38/39 - Gog en Magog oorlog

www.ltradio.org

# Hooftrekke


- Hierdie oorlog vind plaas aan die “einde van dae”. Eseg. 38:8,16 ,
- nadat die Jode terug versamel is uit die diaspora in die land Israel nadat dit vir baie jare as puinhoop gelê het. (maw. moderne Israel)
- Lande wat Israel gaan aanval:

| | |
|---|---|
| Magog | (Rusland) |
| Persië | (Iran/Irak) |
| Meseg en Tubal | (Turkye) |
| Kus | (Sudan) |
| Put | (Libië, Algerië) |

# Uiteinde van Oorlog

- Die hele mag word op die berge van Israel deur God self verwoes deur ‘n stortreën van haelstene, vuur en swawel. Ese 38:22
- Israel sal met die wapens en wapentuie vir sewe jaar lank vuurmaak en dit as brandstof gebruik. Ese 39:9-10
- Die liggame sal vir sewe maande lank begrawe word. Ese 39:11-12
- God se naam, grootheid en heil sal onder al die nasies bekend gemaak word. Ese 38:23

# Esegiël 38/39 Lande



# Esegiël 38/39 – Probleme

longtom radio
eindtyd bediening

- Geen van Israel se naaste buurlande is betrokke in hierdie oorlog nie.
- Eségiël 38:11 Ek (Gog en magog) sal optrek teen die land wat ooplê, ek sal kom by rustige mense wat in veiligheid woon; wat almal woon sonder muur en geen grendel of poorte het nie; (Israel)
- Israel sal in groot rykdom leef wat die aanvallers wil kom om buit te maak (Ese 38:12-13). Tans leef 25% van Israel se burgers en 36% Israeli kinders onder die broodlyn - maw. verarm.

# 2. Eindtyd Ooloë: Psalm 83/Jesaja 17 Oorlog


# Psalm 83 - Hooftrekke

longtom radio
eindtyd bediening


- **Psalm 83:5** Kom, laat ons hulle (Israel) vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie.
- Buurlande van Israel wat gelys word:

| | |
|---|---|
| Edom | (Palestyne, Suid Jordanië), |
| Ismaeliete | (Saoedi-Arabië), |
| Moab | (Palestyne, Sentraal Jordanië), |
| Hagareners | (Noord/Oos Jordanië), |
| Gebal | (Noord Libanon), |
| Ammon | (Noord Jordanie), |
| Amalek | (Sinai), |
| Filistéa | (Gaza), |
| Tirus | (Suid Libanon), |
| Assur | (Sirië/Noord Irak). |

# Psalm 83 Kaart



# ○ Psalm 83 en ○ Esegiel 38/39 Lande



# Psalm 83: Uiteinde van Oorlog

longtom radio
eindtyd bediening

- Dié nasies sal soos strooi vebrand word . Vers 14
- Hulle sal soos met ‘n vuur vebrand word, ‘n vuur wat selfs  berge en die aarde kan verbrand. Vers 16
- Die nasies sal rooi van skaamte word en omkom. Vers 18

# Psalm 83: Profesie

longtom radio
eindtyd bediening

- Psalm word nie oor die algemeen as ‘n profetiese boek beskou nie maar word egter gereeld profeties na verwys in die Nuwe Testament en deur Jesus self.
- Psalm 83 is ‘n opsommende profesie wat in detail vervat word in Sefanja 2, Jesaja 14-19, Esegiël 28:25-26, Sagaria 9-11, Jeremia 49, Amos 1-2 en in Obadja.

# Psalm 83: Verwysende Profesieë

longtom radio
eindtyd bediening

- Sagaría12:6 In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda (Moderne Israel) maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n brandende fakkel onder gerwe — hulle sal regs en links al die volke rondom verteer; maar Jerusalem sal nog bewoond wees op sy plek in Jerusalem.
- (Israel sal nie vernietig word nie)

# Psalm 83: Verwysende Profesieë

longtom radio
eindtyd bediening

- **Jesaja17:1** Godspraak oor Damaskus. Kyk, Damaskus word weggeneem, sodat dit geen stad meer is nie, maar dit sal 'n vervalle puinhoop word. **14** In die aand—daar is verskrikking! Voordat dit môre word, is hulle nie meer nie (Sirië). Dit is die deel van hulle wat ons (Israel) plunder, en die lot van hulle wat ons beroof.
- Damaskus is die wêreld se oudste konstant bewoonde stad.

# Psalm 83: Verwysende Profesieë



- Jesaja15:1-3 Godspraak oor Moab. Waarlik, in die nag is Moab verwoes, vernietig! Waarlik, in die nag is Moab verwoes, vernietig! 3 Op hul strate het hulle rouklere aangegord; op hulle dakke en op hulle pleine huil alles en smelt weg in geween.
  (nagevolge van ‘n Kernwapen)

# Psalm 83: Simson Opsie

longtom radio
eindtyd bediening

- Die "Simson Opsie" is 'n militêre vergeldings strategie waar moderne Israel enige nasie of groep met kernwapens sal vernietig wat die voortbestaan van die volk Israel bedreig. (MAD)
- Israel het tans 5 "Dolphin Class" duikbote wat elk 16 interkontinentale kernmissiele kan dra met 'n reikafstand van 1,500km.
- Die duikbote word strategies in die Mediterreense See, Rooi See en Persiese Golf ontplooi. Al die Psalm 83 lande is binne die bereik van Israel se kernwapens.

# Psalm 83: Gevolge van Oorlog

longtom radio
eindtyd bediening

- Egipte en Sirië sal hulle bekeer tot God.
- 5 Stede in Egipte sal Hebreeus praat.
- 'n Hoofweg sal van Egipte, deur Israel, na Sirië gebou word waarlangs die volke sal kom om die God van Israel te aanbid. Jesaja 19:23-25
- Die oorblyfsels van die ander nasies sal min of geen bedreiging meer wees nie. Jesaja 16:14
- Hulle stede sal verlate wees en sal deur wilde diere bewoon word. Sefanja 2:14

# Psalm 83: Gevolge van Oorlog

longtom radio
eindtyd bediening

- **Moderne Israel sal vir die eerste keer in hulle bestaan in vrede leef! (verw Eseg 38:11)**
- **Israel sal ook in groot rykdom kom met olievelde en gasvelde en ook die omliggende grondgebied annekseer.**
- **Hierdie Israel wat nou in groot vrede en rykdom leef, is die Israel wat dan in die nabye toekoms deur die nasies van Esegiël 38/39 aangeval gaan word.**

longtom radio
eindtyd bediening

## 3. Huidige toestand in die Midde Ooste

# Die huidige Midde-Ooste: Iran

longtom radio
eindtyd bediening

- Die "Groot Oorlog van Verowering" is 'n <u>Moslem profesie</u> waartydens Mekka en Medina (Saoedi Arabië) verwoes word deur nie-moslems. Die Moslem messias –Mahdi– sal dan te voorskyn kom en vanuit Jerusalem regeer oor 'n verenigde Moslem geloof/wêreld.
- Iran, glo dat dit hulle roeping is om die Madhi voort te bring deur die "Groot Oorlog van Verowering" aan te hits, wat ook sal lei tot die hereniging van alle Moslems onder een vaandel nl. die Iran Shia been van Islam.

# Die huidige Midde-Ooste: Iran

longtom radio
eindtyd bediening


- Iran is hard besig om bondgenote in die Midde-Ooste te versamel en die nasies wat nie wil saamwerk nie te destabiliseer.
- Iran se verdere strategie is om Israel te vernietig om beheer oor Jerusalem te verkry.
- Israel se "Simson Opsie" is ook nie vir Iran 'n groot probleem nie want Saoedi Arabië en omliggende nasies is alreeds geprofeteer om deur nie-moslems in die "Groot Oorlog van Verowering" vernietig te word . Die eindplan is egter dat die Israeli Jode vernietig sal word.

# Die huidige Midde-Ooste: Iran



- Iran bewapen en ondersteun verskeie terreur groepe en regerings rondom Israel insluitende: Hezbollah (Libanon), Hamas (Gaza), Fatah, Siriese Regering (Bashar al-Assad) en Irak.
- Iran terreur en destabilisasie aksies is ook in Jordanië, Jemen, Saoedi Arabië en Bahrein ontbloot. Iran fabriseer ook gereeld onluste en ondersteun oorloë in dié gebiede.

# Shi'it Crescent (Iran) Esegiel 38/39



# Midde Ooste: Iran/Rusland

- Rusland het hom ook by Iran se ideologie geskaar sodat Rusland in die proses in beheer sal bekom oor die grootste olievelde in die wêreld.
- Rusland is die Uraan leweransier aan Iran vir hulle huidige kernwapen program.
- Ten spyte van sanksies teen Iran het Rusland bly missiele en wapentuig lewer aan Iran. Iran het op hulle beurt weer ruolie aan Rusland gelewer ten spyte van saksies wat dit verbied het.

# Huidige Ontwikkelings

- Januarie 2016 word sanksie teen Iran gelig en word $500 miljard van Iran se fondse beskibaar.
- Ten spyte van die ooreenkoms verryk Iran steeds uraan en word die fondse gebruik vir die aankoop en ontwikkeling van wapentuig en interkontinentale balistiese missiele.
- Iran raak by die oorlog in Sirië betrokke onder die vaandel van Rusland. Beide veg om Bashar Al-Assad in bewind te hou en sodoende 'n wapen smokkel weg tussen Iran via Irak na Sirië en Libanon te skep.

# Huidige Ontwikkelings

longtom radio
eindtyd bediening

- Sept. 2016 kondig Israel aan dat 'n geweldige groot olie neerslag in die Golanhoogland van Israel ondek is. Die neerslag is 10-15 keer groter as die gemiddelde olievelde tans, wat Israel en die wêreld vir dekades aan olie sal kan voorsien.
- Israel het die Golanhoogland van Sirië in die sesdaagse oorlog in 1967 geannekseer. Die internasionale gemeenskap verwerp egter Israel se reg tot dié grondgebied en word Sirië erken as soewereine titelhouer.

# Huidige Ontwikkelings

longtom radio
eindtyd bediening

- Rusland ontplooi September 2016 in Sirië om Iran se belange in Sirië te beskerm.
- 3,000 Iranese elite soldate en 5,000 Rusies soldate is ontplooi.
- Dosyne Iranese langafstand ballistiese missiel trokke is in Sirië ontplooi.
- Rusland waarsku beide Amerika en Israel om nie verder Sirië se lugruim te betree nie.
- Israel waarsku Rusland dat Iran nie nader as 80 km van die Golan grens geduld sal word nie.

Die versoek word deur Rusland afgekeer.

# Huidige Ontwikkelings

longtom radio
eindtyd bediening

- **Palestynse Fatah en Hamas groepe bereik 'n eenheids ooreenkoms wat 'n dekade lange skeiding beindig.**
- **Hamas wat Gasa beheer erken geensins Israel se bestaansreg nie en die koalisie gaan dit dus onmoontlik maak vir Israel en die Palestyne om 'n vredesooreenkoms te bereik.**


# 4. Toekomsbeskouings

# Toekomsbeskouings

- Nadat Rusland die Siriese rebelle en ISIS magte van kant gemaak het sal Iran/Rusland vrye teëls in hierdie gebied hê.
- Duisende Hezbollah vegters tans opgeroep in die Siriese oorlog sal vry wees om weer terug te keer na Libanon om op hulle oorspronklike mandaat nl. die vernietiging van Israel te fokus. Duisende Iranese vegters sal ook beskikbaar word om Iran se agendas in die omgewing uit te voer.

# Toekomsbeskouings

- Siende dat 'n groot olieveld in die Golanhoogland gevind is sal 'n aanval op Israel 'n top prioriteit wees om die olieveld in Siriese/Iranese/Rusiese beheer te kry.
- Soos in die verlede getoon is 'n oorlog op slegs een van Israel se grense nooit suksesvol nie en sal 'n volskaalse oorlog op al Israel se grense geloods moet word om effektief te wees. So 'n aanval sal Israel noodsaak om die "Simson Opsie" te neem en sodoende Psalm 83 vervul.



Wegraping vind rondom die oorlog plaas.
Bloedmane 2014/2015 Aankondiger van Oorlog vir Israel
Israel alleen/ geïsoleer
Einde van Kerk Dispensasie
Einde van Genade Tydperk
Psalm 83/Jesaja 17 Oorlog
Oorlog word in een nag volstrek.
Damaskus word vernietig
Na die oorlog beleef Israel 'n tydperk van vrede en vooruitgang.
Esegiël 38 & 39 Oorlog
Rusland, Etiopië, Libië, Turkye en Iran val Israel aan.
Die wapenoorblyfsels na die aanval sal vir 7 jaar brand en dit sal 7 maande vat om die dooies te begrawe.
God vernietig 83% van aanvalsmag op berge van Israel met vuur, swael, plae, vrees, paniek en aardbewings.
±3 Jaar
7 Jaar Verdrukking...
7 Seëls
Antichris teken vredesverdrag met Israel. Dan. 9:26-27
1st Seël
Wit Perd
Openb. 6:1,2
Antichris kom op die toneel deur die Europese unie.
2de Seël
Rooi Perd
Openb. 6:3,4
Oorlog breek oral op die aarde uit.
3de Seël
Swart Perd
Openb. 6:5,6 Wêreld-hongersnood a.g.v. oorlog en ekonomiese krisis.
4de Seël
Vaal Perd
Openb. 6:7,8. Kwart van die wêreld se populasie sterf a.g.v. oorlog, hongersnood en wilde diere.
5de Seël
Openb. 6:9-11
Wêreldwye marteling van Christene.
6de en 7de Seëls: Groot aardbewings, wêreldswye vrees. Stilte in hemel vir ½ uur. Openb. 6:12-17, 8:1
Na stilte Openb. 14:6-11 (7de Seël) Engele vlieg in die lug en waarsku wêreld om nie die merk te aanvaar nie.
Stilte
1ste Trompet
Alle die gras brand en derde van die bome verbrand.
Openb. 8:7
144,000 getuies word verseël met Heilig Gees (beskerm deur God) en evangeliseer die wêreld. 2 Getuies preek die evangelie en kan nie doodgemaak of gestop word op enige manier nie. Die getuies sal hemel sluit sodat geen reën sal val gedurende 3½ jaar. Enige iemand wat hulle wil doodmaak sal op dieselfde manier sterf.

longtom radio
eindtyd bediening

# 5. Hoe raak dit ons?

# Oproep to Heiligmaking

- Zephaniah 2:1-3 Gather yourselves together; yea, gather, O nation not desired; (gelowiges – Rom. 9:25, Hos. 2:23) 3 Seek the LORD, all the meek of the earth who have done His justice; seek righteousness; seek meekness. It may be you shall be hidden (wegraping) in the day of the LORD'S anger.
- Sefanja gaan dan voort om te lys hoe God die Filistyne, Moab, Ammon en Assur (Psalm 83 nasies) verwoes in sy toorn.

# Oproep tot Heiligmaking

longtom radio
eindtyd bediening

- **Uit hierdie verse blyk dit duidelik dat die bruidsgemeente gereed moet wees om weggesteek (weggeraap) te word en <u>dan volg die Psalm 83 oorlog.</u>**
- **Met die Psalm 83 Oorlog sluit die genade tydperk van die heidene en fokus God voortaan eksklusief op Israel en die Jode.**
- **Ons is dan nie meer hier om die Esegiel 38-39 oorlog te beleef nie.**

# Slot

In die lig van al hierdie gebeure in die Midde Ooste en die Wêreld, blyk dit duidelik dat ons die eindpaal van die genade tydperk spoedig nader.

Die vraag is:

- Hoe gereed is ons om ons hemelse Bruidegom binnekort te ontmoed?
- Hoe lyk ons bruidskleed?  Het U lampie eksta olie?


Theo & Basie
Sien U daar...

Besoek gerus ons webwerf vir weeklse radioprogramme, artikels en kaarte om U met verdere studies oor die eindtyd te help.

Baie Dankie vir U tyd.

Maranata!

Aanbieding skyfies aflaaibaar by:

https://goo.gl/Goetym

of onder "Artikels" by

www.ltradio.org